# JEUG ALPHA: Sessie 8 - Hoe kan ek gevul word met die Heilige Gees?

## 1. <u>BEKERING SESSIE</u>

Jy kan nie gevul word met die Heilige Gees as jy nog nie tot bekering gekom het nie.

## 2. <u>DEMONSTRASIE</u>: Bekering

- Elke groep  kry ‘n papier bord, sout, swart peper en ‘n plastiek lepel.

- Gooi die sout in papier bord.  Verduidelik vir die kinders dat God verwys in Sy Woord dat ons die sout vir die wêrêld is. [verduidelik die doel van sout trek dit geestelik deur].

- Ons doen egter elke dag van ons lewens sonde [noem paar sondes op] gooi swart peper oor sout.  Die sout is nie nou meer mooi wit nie.

- God het egter Sy Seun Jesus gestuur om ons sondes op Hom te neem.  Neem die plastiek lepel vryf die lepel vir ‘n rukkie teen jou hare en vee met lepel liggies oor die peper. Die peper kleef teen die lepel vas en die sout is weer skoon. Net soos Jesus al ons sondes op Hom geneem het.

- Ons gaan nou **LORD I NEED YOU** sing en terwyl die liedjie spee,l praat met Jesus  en gee vanaand jou hart vir Hom  [verduidelik TSP-teaspoon gebed] vir die wat **<u>te skaam</u>** is om na ‘n leier te gaan. Die wat egter voel hulle wil na ‘n leier gaan kan na agter in saal gaan leiers sal daar wees.

## 3. <u>VIDEO CLIP:</u>

## 4. <u>OM GEVUL TE WORD MET HEILIGE GEES</u>

- Ek kan julle waarborg dat elkeen van julle nou hier sit met ‘n vrees op julle harte oor die onderwerp wat ons vanaand behandel.

- Van julle voel julle wil net uit die kerkgebou kom en wil nie verder hoor wat gesê word nie. Julle voel minderwaardig, jy voel dat daar nog steeds sonde in jou lewe is. God kan my nooit gebruik nie ek is te ver van die pad af.

- Ek wil julle kom gerus stel om te sê dus normaal ons grootmense voel dieselfde.  Weet julle hoekom julle so voel?  Satan is bang vir die besluit wat jy vanaand gaan neem, en hy kom vul jou met vrees om nie verder te luister nie en ek wil vir jou sê jy hoef nie bang te wees nie. God sal jou nooit seermaak nie.  Dit wat Hy jou vanaand wil gee naamlik die Heilie Gees is ‘n GROOT geskenk om jou te help met jou geestelike reis.

  **<u>Demonstrasie:</u>**

- Een persoon staan op die verhoog en al die ligte is af.  Die persoon weet nie waarheen om te loop nie, want als is donker om hom.  As hy sou vorentoe loop sal hy homself beseer deur van die verhoog af te val.  Dus hoe ons lyk as ons nog nie ons harte vir Jesus gegee het en met Sy Gees gevul is nie.

- Ek gee nou vir dieselfde persoon ‘n kers wat aangesteek is. Die kers verteenwoordig die Heilige Gees. Wanneer jy jou hart vir Jesus gee en gevul word met Sy Gees is dit soos die kers wat nou IN jou brand - die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees is God se se GESKENK aan elkeen van Sy kinders. Die persoon kan nou sien waar hy loop. Die Heilige Gees gee jou raad, laat jou verstaan wat reg en verkeerd is en is heeldag elke dag by jou.

**5.** Ons gaan nou **START THE FIRE en HIS LITTLE LIGHT OF MINE** sing, en elkeen wat voel dat hulle met die Heilige Gees vervul wil word, gaan na die leiers agter in kerk hulle sal vir julle bid.

**<u>Die volgende kan dalk moontlik ervaar word niks om oor te vrees nie:</u>**

VREUDE huil/lag
Spontane praise en worship doen
Spreek in tale
Val onder die Gees
Party voel NIKS

**6. SLUIT AF MET GEBED**